

Editorial staff/Redaksie

Miss/Mej. A. Mönnig
(Editor/Redaktrise)
Mr/Mnr J.J. Oberholzer
Dr C.M. Engelbrecht
Dr C.D. Lynch
Mr/Mnr J. Haasbroek
Mrs/Mev. C. Bleeden
(Artist/Kunstenares)
Mrs/Mev. H. de Villiers
(Typesetting/Setwerk)

Museumnuus is 'n gratis ses-
maandelikse nuusbrieff van die
Nasionale Museum, Posbus 266,
Bloemfontein, 9300, Tel. (051)
79609. Enige foto's of inligting in
hierdie nuusbrieff mag met
erkenning van die bron gerepro-
duseer word.

Museum News is a free bi-annual
newsletter of the National Museum,
P.O. Box 266, Bloemfontein, 9300,
Tel. (051) 79609. Any photographs
or information published in this
newsletter may be reproduced with
acknowledgement of the source.

CONTENTS/INHOUD

	Page Bladsy
Redaksioneel	2
Personalia	3
Odds and Ends/Stukkies en Brokkies	3,19,21
Is die ouvolk se dae getel? — <i>J.H. van Wyk</i>	4
Vlermuise van die O.V.S. — <i>J.P. Watson</i>	6
Hats of the Southern Sotho — <i>S.D. Bishop</i>	8
Kleurglaspaneel van die Oranje Hotel — <i>D.A. v.d. Bank</i>	10
South African Fossils and the Russian Connection — <i>B.S. Rubidge</i>	12
Die Reptiele van die Oranje-Vrystaat Deel IV — <i>J.H. van Wyk</i>	13
Inheemse Bome vir die tuin — <i>P.C. Zietsman</i>	20
Nog lank nie sat vir museums	22
Insect Sounds — <i>S. Louw</i>	24
Vanmelewe se <i>Woest Rijden</i> in Bloemfontein — <i>J. Haasbroek</i>	25

FRONT COVER/VOORBLAD — by/deur E. Botha

Gedruk deur die Nasionale Museum, Bloemfontein.
Printed by the National Museum, Bloemfontein.

REDAKSIONEEL

Het u al gewonder waar die woord *museum* vandaan kom?

Museum is 'n Latynse woord, afgelei van die Griekse *mouseion* wat beteken "Tempel van die Muse". Volgens die Griekse mite was die Muse die dogters van Zeus en Mnemosyne. Die Muse, wat as geestelike inspirasie vir digters en ander kunstenaars gedien het, het oor verskeie kunste en wetenskappe geheers, te wete Calliope oor Epiese Poësie, Clio oor Geskiedenis, Polyhymnia oor Gewyde Musiek, Euterpe oor Fluitmusiek, Terpsichore oor Dans, Erato oor Liefdespoësie, Melpomene oor Tragedie, Thalia oor Komedie en Urania oor Astronomie.

Drie eeue v C, tydens die bewind van Ptolemy I in Hellenistiese Egipte, is 'n deel van die paleis te Alexandrië aan studente afgestaan om as 'n kulturele en literêre instelling te gebruik, vandaar dan ook die naam Mouseion (Museum) van Alexandrië. Hierdie inrigting was 'n akademie vir wetenskappe en navorsing

en dit is juis dié aspek wat tydens die Renaissance sou sorg dra dat die benaming *museum* in gebruik gekom het. Die Renaissance het enersyds aanleiding gegee tot ongeëwenaarde versamelings van antieke kunsskatte deur kerke en ryk families as gevolg van die mens se versamelings-drang, en andersyds tot die verhoogde belangstelling in die natuurwetenskappe as gevolg van die mens se onversadigde drang na kennis van die wêreld waarin hy leef. Volgens dr. Paul de Beer het laasgenoemde neerslag gevind "... in die eindelose rariteitskabinette waarin natuurfratse en ander seldsame natuurvoorwerpe versamel..." is.

Die versamelings (musea) is mettertyd vir besigtiging oopgestel, asook vir gebruik deur wetenskaplikes vir hulle navorsing. Hier het ons dus die voorlopers gehad van die kultuurhistoriese, natuurhistoriese en kunsmuseum wat in die agtiende eeu tot stand gekom het en gegroei het tot die moderne museum soos ons dit vandag ken.

J. HAASBROEK